Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

| | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| Hermanus | 028 313 8000 | 028 312 1894 |
| Gansbaai | 028 384 8300 | 028 384 0241 |
| Kleinmond | 028 271 8400 | 028 271 4100 |
| Stanford | 028 341 8500 | 028 341 0445 |

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

AUGUSTUS 2022

# Bulletin

#overstrand4all **Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand** #C4ourself

## NUWE ELEKTRISITEITSTARIEWE GELD VOORTAAN

Elektrisiteit

Alhoewel goedkeuring deur die nasionale energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA) nog afgewag word, het die Raad op 31 Mei 2022 die nuwe elektrisiteitstariewe vir Munisipaliteit Overstrand goedgekeur. Ooreenkomstig die skaal hieronder, geld die volgende tariewe dus sedert 1 Julie 2022:

- **350 kWh @ R1.79 (1.7879) = R625.77 of 0-350 eenhede = R1.79 per eenheid**
- **250 kWh @ R2.68 (2.6788) = R669.70 of 351-600 eenhede = R2.68 per eenheid**

### SÓ WERK BLOKTARIEWE VIR ELEKTRISITEIT

'n Trapsgewys stygende bloktarief geld vir alle huishoudings, ongeag of hulle van 'n enkel- of driefase-aansluiting gebruik maak. Elektrisiteitseenhede word dus teen verskillende tariewe gehef ooreenkomstig 'n reeks "trapsgewyse blokke" gegrond op die aantal eenhede wat 'n huishouding in die loop van 'n kalendermaand aankoop.

Ter illustrasie, die eerste 350 kWh wat gedurende 'n kalendermaand gekoop word, kom neer op die eerste blok en word teen die laagste tarief gehef. Daarna sal elke 250 eenhede wat gedurende dieselfde maand gekoop word teen 'n effens hoër (trapsgewys stygende) tarief gehef word.

Die oomblik wanneer jou elektrisiteitsverbruik dus die perk oorskry wat vir blok 1 (d.w.s. 350 kWh) gestel is, sal jy outomaties aanbeweeg na die effens duurder tarief wat vir blok 2 bepaal is en, wanneer die perk vir daardie blok oorskry word, aan na blok 3.

Beweging van een blok na die volgende is outomaties en hang geheel en al af van die aantal eenhede wat gedurende 'n spesifieke kalendermaand aangekoop word.

Aan die einde van die kalendermaand sal jou geskiedenis teruggestel word en sal jou verbruik vir die volgende maand weer eens by blok 1 begin.

**☛ Tydsberekening van aankope**

Let daarop dat beweging van een blok na die volgende geensins geaffekteer word deur die aantal transaksies binne 'n maand nie. Met ander woorde, jy kan jou aankope oor veelvoudige transaksies versprei, of jy kan 'n eenmalige transaksie doen. Die voorbehoud is egter dat alle transaksies binne een kalendermaand moet geskied.

'n Bietjie raad vir diegene wat van koopkrag gebruik maak: Sorg dat jy slegs genoeg eenhede vir één maand aankoop. As jy in grootmaat aankoop, gaan jy op die ou end meer betaal.

**☛ Skakel oor na koopkrag en spaar**

Kliënte wat van koopkrag gebruik maak, betaal 15c per eenheid minder as diegene wat van kredietmeters gebruik.

**Vir meer inligting oor Munisipaliteit Overstrand se jaarlikse tarieflys, besoek www.overstrand.gov.za. Klik op Strategic Documents, dan Budget en rol af na Annexure C (Rates and Tariffs).**

## SOE-ONDERSOEK

**Rakende vordering met die indiening van die Spesiale Ondersoekeenheid se verslag oor beweerde ongerymdhede betreffende behuising in Munisipaliteit Overstrand, neem kennis dat hierdie eenheid uitstel tot middel-Augustus versoek het.**

**Klaarblyklik gaan sekere elemente relevant tot die ondersoek meer tyd verg.**

**By aanhoor van die nuus dat die SOE se verslag nie soos verwag teen 30 Junie 2022 ingedien gaan word nie, het dr. Annelie Rabie (Overstrand se Uitvoerende Burgemeester) daarop gewys dat "die Raad die uitkoms van hierdie ondersoek gretig afwag aangesien ons van mening is dat dit sal bydra tot 'n verbetering in die munisipaliteit se lewering van behuising".**

**Sodra die langverwagte verslag ingedien is, sal dit vir oorweging voor die Raad dien.**

## BELEGGERSKONFERENSIE LOK VELE

**MEER AS 120 AFGEVAARDIGDES** het Munisipaliteit Overstrand se eerste beleggerskonferensie bygewoon wat van 23-24 Junie in Hermanus gehou is.

Met 'n spesifieke fokus op die koste en gemak van saketransaksies met die plaaslike owerheid, het die konferensie ten doel gehad om beleggingsgeleenthede in die Overstrand ten toon te stel en om lesse en insigte wedersyds met potensiële beleggers en verteenwoordigers vanuit die sake- en eiendomsektor te deel.

In haar openingsrede het Uitvoerende Burgemeester dr. Annelie Rabie 'n beroep op afgevaardigdes gedoen om hierdie dokumente deeglik te bestuur want dit is belangrik dat enigeen wat beoog om in die Overstrand te belê ook insae, soos sy dit gestel het, in "the good, the bad and the ugly" moet verkry.

Sy kon nietemin die versekering aan almal teenwoordig bied dat Munisipaliteit Overstrand finansieel stabiel is en oor voldoende reserwes beskik om alle bedryfsuitgawes vir ten minste vier maande te dek, ongeag of toekennings van die provinsiale of nasionale regering realiseer of nie.

Sy het ook daarop gewys dat die munisipaliteit vir nege opeenvolgende jare met skoon oudits kan spog, 'n prestasie wat sy toedig aan vorige rade, munisipale bestuurders en munisipale amptenare want, soos sy dit gestel het, "mens skep nie sommer ewe skielik 'n finansieel stabiele omgewing nie. Dit volg op jare se harde werk deur mense wat hulle daartoe verbind het om Overstrand te maak werk".

Ter afsluiting het die Burgemeester haar en haar span se verbintenis tot 'n aktiewe en oop burgerlike samelewing bekragtig: "Julle kan met ons praat en julle kan ons besoek, maar moenie probeer om ons amptenare om te koop of om ons te systap nie; dit sal nie geduld word nie. Toon respek vir die munisipaliteit se prosesse en prosedures. Eweneens onderneem ons om te sorg dat julle aansoeke onverwyld aandag geniet en blitsig afgehandel word."

### Trots Overstrand

*Uitvoerende Burgemeester, Dr. Annelie Rabie, met weerskante die munisipale bestuurder, Dean O'Neill (links), en die burgemeesterskomiteelid vir investering en infrastruktuur, Rdl. Clinton Lerm (regs), verdien alle lof vir die aanbieding van Munisipaliteit Overstrand se eerste beleggerskonferensie.*

*Daar om hul ondersteuning te wys was raadslede Kholiswa Ngqandana en Masibongwe Sihlahla hier afgebeeld in die geselskap van Cyril Zwane (Boffin & Fundi) en Sammy Brett (Gugulethu Fisheries) met Forster Nkomo vooraan.*

### Afgevaardigdes skuur skouer

*Mark Schonrock, Tafadzwa Ncube en James Simpson (Concor Construction) geniet 'n koffietjie.*

*Pierre Boshoff en Richard Kotze (WRAP Group) in die geselskap van Gideon Serfontein.*

# HERWIN: DIS SO EENVOUDIG SOOS 1, 2, 3

- **STAP 1:** Besluit dat jy jou tot bewaring van die omgewing gaan verbind.
- **STAP 2:** Skei jou huishoudelike afval volgens items wat herwin kan word en daardie wat nie herwinbaar is nie.
- **STAP 3:** Plaas die herwinbare items in 'n deursigtige plastieksak langs jou rolvullishouer/swart sak op vullisverwyderingsdag.

***En dis dit.***

Munisipaliteit Overstrand sal jou herwinbare items afhaal en na die afvalmateriaal-herwinningsfasiliteit in Hermanus vervoer waar dit gesorteer, gebaal en versend sal word na die onderskeie operateurs wat hulle op die herwinning van spesifieke items toespits.

**Hier is 'n blitsoorsig van daardie items waarmee jy gerus in jou deursigtige plastieksak kan wegdoen:**

- √ **PAPIER/KARTON:** Koerante, tydskrifte, kantoorpapier en karton, insluitende kleiner kartonhouers soos eierkartonne en die boksies wat ontbytpap, tandepasta of medikasie bevat het.
- √ **GLAS:** Bottels, flesse of houers van glas. Let daarop dat daar met groter skerwe glas (bv. gebreekte motor-/vensterruite) weggedoen moet word by terreine wat vir bourommel bestem is.
- √ **PLASTIEK:** Koeldrank-, water- en melkhouers; houers wat items bevat het soos kookolie en huishoudelike skoonmaakmiddels; inkopie- en vullissakke; joghurt- en roomyshouers; kleefplastiek.
- √ **BLIKKIES:** Koeldrank- en kosblikkies; deodorant- en haarsproeiblikkies; blikke wat huishoudelike skoonmaakmiddels bevat het. Let daarop dat daar met blikke wat goed bevat het soos vernis, verf of verfverdunners by bourommelterreine weggedoen moet word.

**Kom aan die gang:**

Deursigtige plastieksakke is gratis beskikbaar van die munisipale kantore in Kleinmond (5de Laan) en Hermanus (Magnoliastraat) sowel as die afvalmateriaal-herwinningsfasiliteit in Schulphoekweg, neffens die waterbehandelings-aanleg en Zwelihle Primêr.

Telkens wanneer ons 'n deursigtige plastieksak by jou persele afhaal, sal ons dit terselfdertyd met 'n ander een vervang, ook gratis.

Ons stel egter voor dat jy 'n rol deursigtige plastieksakke insluit by die lysie kruideniersware wat volgende keer aangeskaf moet word. Dit kan handig te pas kom wanneer jou vervangende sak wegraak of as jy vind dat jy meer as een sak nodig het, byvoorbeeld wanneer familie/vriende oor langnaweke of gedurende vakansies kom kuier.

Onthou, jy is welkom om groot hoeveelhede herwinbare items by die afval-materiaal-herwinningsfasiliteit af te laai. Hierdie fasiliteit aanvaar herwinbare afval van die algemene publiek tussen 08:00 en 17:00 van Maandag tot Vrydag en tot 14:00 op openbare vakansiedae wat op 'n weeksdag val.

Tans is hierdie fasiliteit gesluit oor naweke, maar herwinbare items kan op Saterdae tussen 09:00 en 16:00 by die aflaaipunt gelaat word.

Kom ons doen almal ons deeltjie om te verhoed dat herwinbare items by stortingsterreine beland. Dis maklik! As jy steeds 'n bietjie onseker is oor wat herwin kan word, bel Hermanus Recycling gerus by 083 310 2319 vir hulp.

## Voetgangervriendelike sypaadjietuine

Die entoesiasme waarmee huiseienaars help om ons woonbuurte te verfraai deur hul sypaadjies mooi te maak, word baie waardeer.

Ons moet egter waarsku: Alhoewel die voorkoms van jou sypaadjie die estetiese voorkoms en waarde van jou eiendom kan verhoog, moet jy sorg dat jou tuin nie tot só 'n mate tot op die sypaadjie oorspoel dat dit haas onmoontlik sal wees vir 'n voetganger (wat nog 'n ma wat 'n kinderwaentjie stoot) om met die sypaadjie langs te beweeg sonder om plek-plek noodgedwonge straatlangs en, by implikasie, in die pad van verkeer te moet loop nie.

Ingevolge munisipale verordenings, word sypaadjies geklassifiseer as padreserwes. 'n Padreserwe is die area parallel aangrensend aan erwe en sluit die pad opsigself in.

In die meeste gevalle is dit die spasie tussen 'n erf se grens en die soom van die pad.

Benewens dat hulle vir die plasing van verskeie ondergrondse dienste gereserveer word, het sypaadjies ten doel om te verseker dat voetgangers veilig langs openbare paaie kan beweeg.

Ingevolge Overstrand se beleid oor die administrasie van onroerende eiendom kan die indringing van sypaadjies as onwettig beskou word indien dit nie voldoen aan die bepalings met betrekking tot "Projections, Projecting Structures and Encroachments" soos uiteengesit in paragrawe 63 en 64 van hierdie beleid nie.

Dienooreenkomstig moet huiseienaars en tuinargitekte hulself in toom hou wanneer struike, bome en/of blomplante op sypaadjies as 'n uitbreiding van 'n tuin tot op die padreserwe aangeplant word. Hulle moet ook nie klippe of gruis op só 'n wyse of sypaadjies aanbring dat dit die vryheid van voetgangers se beweging sal belemmer nie.

Eienaars/ontwikkelaars wat sypaadjies wil verfraai word dus aangeraai om 'n aansoek by die betrokke eiendomsadministrasie-afdeling in te dien waarop die voorgenome uitleg en afmetings aangetoon word alvorens sypaadjies enigsins versteur word.

Vir hulp in hierdie verband, kontak ons gerus deur 'n e-pos te stuur na enquiries@overstrand.gov.za.

## AFLAAIFASILITEIT IN **PEARLY BEACH** NOU OOP

Munisipaliteit Overstrand moedig inwoners van Pearly Beach en Eluxolweni aan om gebruik te maak van die Pearly Beach-aflaaifasiliteit om weg te doen met oormatige algemene huishoudelike afval (soos skoon herwinbare items en swart sakke) sowel as skoon tuinafval.

Daar kan ook met baie klein hoeveelhede bourommel (minder as 'n bakkievrag) hier weggedoen word. Aangesien hierdie fasiliteit baie klein is, kan slegs klein vragte (bv. 'n motor met 'n sleepwaentjie) aanvaar word, en die getal vragte wat afgelewer word, word ook beperk tot 'n maksimum van twee per huishouding per dag.

Om met groter vragte weg te doen, moet inwoners asseblief gebruik maak van die Gansbaai-stortingsterrein.

**Aflaaifasiliteit is oop op hierdie dae en tye:**

- Maandae, Dinsdae, Donderdae, Vrydae: 08:00 tot 17:00
- Woensdae: Gesluit
- Saterdae: 10:00 tot 16:00
- Sondae: 13:00 tot 17:00
- Openbare vakansiedae: 10:00 tot 15:00

**Vullisverwyderingskedule vir Gansbaai:**

- MAANDAG: Pearly Beach
- DINSDAG: De Kelders, Masakhane, Beverly Hills
- WOENSDAG: Franskraal, gedeelte van Gansbaai Industria, Masakhane
- DONDERDAG: Kleinbaai, Baardskeerdersbos, gedeelte van Gansbaai-SSG
- VRYDAG: Gansbaai, Perlemoenbaai, Blompark, Masakhane, Beverly Hills

## BOERDERYKORTING

Eienaars/boere wat bewys kan lewer dat hul eiendom vir *bona fide* boerdery-doeleindes gebruik word, kan om 'n korting op eiendomsbelasting aansoek doen.

Aansoeke sluit op 30 September 2022. Die verlangde vorms kan afgelaai word via www.overstrand.gov.za. Gaan na Documents en klik op *Forms*.

Rig navrae in hierdie verband aan Overstrand se eiendomsbelasting- en databeheerkantoor by 028 313 8000 of stuur 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za.

## EERSTE DONDERDAE

Gegewe dat die amptelike opening van vanjaar se Kalfiefees saamval met die eerste Donderdag in Augustus het Burgemeester Rabie versoek dat die geskeduleerde *First Thursdays* oftewel Eerste Donderdag- samekoms met inwoners van Kleinmond en omstreke met 'n week uitgestel word.

Maak seker dat jy hierdie geleentheid benut om jou insette te lewer en idees te lug oor hoe munisipale dienslewering in jou area verbeter kan word.

Die Burgemeester en haar span sien daarna uit om jou van aangesig tot aangesig te woord te staan in Kleinmond se Stadsaal op **11 Augustus van 17:00 – 19:00.**

Neem ook kennis dat September se samekoms in Gansbaai gehou gaan word.